

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Die duiwel is los, onder die vaandel van die kruis

Skriflesing: Op 20:1-15 Die duiwel is los! Dit is die gesig wat Johannes sien op Patmos. Waar hy kort te vore in hoofstuk 19 gesien het hoe die wederkoms en eindoordeel so te sê op die randjie is om finaal aan te breek, word hy in die volgende oomblik terug gebring na die huidige tyd...

Teksvers: Op 20:6

Sing:
Ps 99:1, 4, 5
Ps 72:1, 4, 6
Ps 2:1, 2, 6
Sb 18-7: 3, 11, 12
Sb 13-3

Eers word die duiwel gebind en toegesluit, en dan word hy weer losgelaat. Hierdie 1000 jarige ryk (chiliasme) bring soms verwarring, maar die saak is ook eenvoudig: Voordat Christus gekom het, was die duiwel die koning van die wêreld. Met Christus se koms is die werk van die duiwel verydel. Hy is gebind, en kan nie die evangelie stop wat aanvanklik net tot die Jode gekom het nie... Maar in die laaste tyd word hy weer losgelaat voordat die finale oordeel en die wederkoms plaasvind...

Elektroniese verwerking:
Eric Guldemond

Prediker: Ds Lourens Venter

Ons staan vanoggend stil by die tema: Die duiwel is los, maar onder die vaandel, die heerskappy van Christus. Amen

SONDAGAAND 18:00

Jesus Christus is ons Here!

Skriflesing: 1 Petr 1:17-21; 1 Petr 2:9 Met watter respek en gesindheid en kennis praat jy oor God? Ons hoor so baie vandag, dat selfs Christene en gelowiges, met..., oor en van God praat, asof God hulle maatjie is, hulle aardse vriend, iemand met wie hulle baie familiêr kan raak. Daarom hoor ons dat mense van God praat as....

Teksvers: 1 Petr 1:17-21;
Joh 20:28

HK: Sondag 13

Sing:
Ps 45-1:1,6
Ps 99-1:1,5
Sb 3-3:1,4,6
Sb 13-3

- Die Oubaas daarbo...
- Die Grootbaas...
- Die groot Oom....
- Ons Pappie...
- Van Jesus Christus as ons Boetie...

Lev 11:44 "Ek is die Here julle God. Wy julle aan my diens en wees heilig, want Ek is heilig..."

Ons gaan na drie sake kyk:

- 1 Ons noem God ons Vader.
- 2 Ons noem Jesus Christus die Eniggebore Seun van God.
- 3 Ons noem Jesus ons Here.

Elektroniese verwerking:
Eric Guldemond

Prediker: Ds Gerrit Kruger

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 45 Nr 15 26 April 2020

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Wees bly in verdrukking

Paulus skryf aan die gemeente in Rome (5:1-11) dat hulle moet bly wees en roem in hulle verdrukking, net soos hy ook aan die gemeente in Korinte skryf dat hulle moet bly wees en roem in swaarkry...

"*Ek is bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus*" 2 Korintiërs 12:10

Later skryf Petrus en Jakobus ook soortgelyke dinge: "My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom..." (Jak. 1:2) en "Verheug julle selfs as dit nodig is dat julle 'n kort tydjie bedroef word deur allerhande beproewinge..." 1 Petrus 1:6.

Hoekom sal hierdie gelowige manne, apostels van ons Here Jesus, sulke vreemde woorde sê? Dryf hulle nie dalk met ons die spot nie? Hoe kan 'n mens bly wees as dit sleg gaan? Hoe kan jy uitbundig van vreugde wees as jy swaarkry?

Moet ons nie juis vreugde, blydschap en oorwinning beleef hier op aarde nie?

Inderdaad! Maar die wyse waarop dit geskied is anders as hoe ons dink dit moet wees. Die vreugde wat God gee staan los van alle wêreldse dinge. God wil ons leer wat hemelse vreugde is... Dit is 'n vreugde wat niemand van jou kan wegneem nie, en wat niemand behalwe God vir jou kan gee nie...

Daardie vreugde is gewortel in God self, in die vrug van die Heilige Gees (Galasiërs 5) en word ons deel alleen in Jesus Christus. Daardie vreugde kom voort uit Christus, wat die vreugde wat Hom voorgehou is, verruil het vir die kruis, sodat ons volkome blydschap kan ervaar...

En dit is: vergifnis van sondes en die ewige lewe by God. Dit is 'n vreugde wat geld nie kan koop nie, en beter as enige pensioen... Dat jy die Here ontvang as erfenis!

Die prys vir hierdie pensioen is gratis (Sola Gratia) en tog nie verniet nie. Want die volle prys is betaal deur Christus. Ons kry egter slegs deel aan hierdie genade deur die geloof... Maar die geloof moet suiwer wees. Dit word gelouter en getoets en skoongemaak, geheilig en gereinig van alle onsuiverhede (sonde).

Dink dan so daaraan: Beproevinge is ons eksamens vir geloof. Deur beproewinge word ons gelouter sodat ons rein vir God kan wees. Dit maak ons bly, want die Here maak met ons bemoeienis...

Wees dan bly in verdrukking...

Ds Lourens

ALGEMENE INLIGTING

Volg die skakels is op ons webwerf by <http://gkcenturion.co.za/> en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad (gkcenturion.co.za)

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

OPROEP TOT VERROOTMOEDIGING EN GEBED, VOLGENS KO Art. 66

In vertroue op ons hemelse Vader in wie se hand ons leef en die ganse wêreld bestaan besluit die classis contracta van Klassis Potchefstroom:

1. Aangesien ons ons verlossing in niks en niemand anders soek as in Jesus Christus nie, word alle kerke en lidmate van die GKSA opgeroep tot 'n tydperk van voortdurende verootmoediging en gebed.
2. Verder word 'n Dag van Verootmoediging, volgens KO Art 66, uitgeroep op DV die eerste Sondag wat ons as kerke in gewone eredienste kan vergader.

Met die oproep:

- roep ons mekaar op tot 'n geloofsverklaring dat ons, sou die wederkoms van ons Here Jesus nie eerder gebeur nie, ons weer na afloop van hierdie krisis as kerke sal kan saam kom in erediens aan ons Here.
- waak ons teen die verheffing van 'n spesifieke dag of handeling deur ons kerke, asof die Here nie in sy genade uitkoms sal gee voor ons nie as kerke vergader in verootmoediging en gebed nie.

Die Diakonie is steeds daar om te help!!!

Indien enige gemeentelid 'n behoefte het aan enige hulp vra ons asb dat julle die vrymoedigheid sal neem om jou diaken of enige van die Dagbestuurslede te kontak. Ons sal steeds sover dit binne ons vermoë is, behulpsaam wees.

Stuur net die woord "HELP" met jou naam, wyk nommer en kontak besonderhede na jou diaken of enige van die dagbestuurslede en ons sal jou so gou moontlik terug kontak: Marius Gerber 082 327 2949; Rudy Kruger 082 468 6035; Petra Swanepoel 082 927 7324 (Blok A - Voorsitter); Lourette van den Berg 082 269 2894 (Blok B - Voorsitter); Theuns Louw 082 815 4272 (Blok C - Voorsitter)

Vanaf die diakonie is ons bede aan al ons gemeentelede dat ons die Here se alomteenwoordigheid voortdurend in ons harte sal voel en daardeur versterk sal word.

Sien mekaar DV oor 'n paar weke weer by die kerk.

Die volgende Meimaand publikasies is gratis beskikbaar by:

Vroueblad

<http://mydigitalpublication.co.za/gkvroueblad/mei2020/>

Slingervel

<http://www.ssplus.co.za/slingervel.html>



VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

26-Apr	Marina	Cronje	C01	27828507487
	Mariska	Jonker	B04	27832842974
27-Apr	Lettie	Bodenstein	A13	27722738900
	Fanie	de Bruin	A02	27827808759
	Arista	Gouws	B15	27823256112
	Karrie	Grönum	B16	27723778422
	Lynette	Jacobs	B14	27833567597
	Retha	Knoetze	A16	27721042286
	Michelle	Schutte	B02	27798963647
	Susan	van Dyk	A14	27823379835
28-Apr	Johan	Du Plooy	B10	27836191385
	Anne-Marie	Kruger	C04	27824871416
	Hendri	van der Walt	A12	27832929002
29-Apr	Judy	Trichardt	A03	27832781005
	Talita	van der Walt	C11	27764282682
	Carol	van Seventer	B14	27845804993
30-Apr	Wally	Wallace	B06	27715783625
1 Mei	Juanita	Gerber	C14	27827227097
	Petro	Krynauw	B13	27845796289
	Charvette	Reesink	B03	27823194172
2 Mei	José	Coelho	A04	27823247907
	Nadia	Horak	B12	27637757061

DOOPLIDMATE

30-Apr	Leenandri	Wattel	A12	27824154611
2 Mei	Hanneke	Kruger	B15	27824483406

Ons gee om vir Mekaar

“...die Here sal my onder sy sorg neem.” Ps 27:10



- Annelie Louw sterk aan na 'n operasie (C10—079 691 0128).
- Magriet Erasmus sterk aan na 'n rugoperasie (B12—654 9108).
- Meelewing word betuig met Jannie en Ledine Klopper na die afsterwe van Ledine se vader gedurende die week.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

- ♥ Jors en Rozanne Groenewald met die geboorte van Anrich Johannes.
- ♥ Danie en Wilmarie Rheeders met die geboorte van Emma..

Beroepe aanvaar

Proponent J van Schaik (Hanno) na GK Burgersdorp

Metode om tot die **2 Miljoen Bybelsprojek** by te dra:

Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing: **Bybelgenootskap**



Katkisasie

Katkisasie hervat met **Les 7, die eerste Sondag na die grendeltyd**. Die skedule, soos gepubliseer op die kalender sal dan aangepas word.

Baie seën en sterkte vir die tydperk wat voorlê.

Pieter vd Dussen—082 416 7188

KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie